***The Dairy Mail* wen gesogte toekenning**

Suid-Afrika se voorste maandelikse publikasie vir die melkbedryf, *The Dairy Mail,* het nie minder nie, as drie toekennings tydens die 2008 Pica-toekennings vir uitstaande prestasies in die tydskrifbedryf, losgeslaan. *The Dairy Mail*, wat deur mediamaatskappy, Agri Connect uitgegee word, is weer eens gekroon as die beste hulpbrongebaseerde bedryfstydskrif in die besigheid-tot-besigheidsektor, en het ook vir die derde keer met die Watling-trofee vir besigheid-tot-besigheid tydskrif van die jaar weggeloop. Die kersie op die koek was die aanwysing van *The Dairy Mail* se redakteur, Willemien von Solms, as die besigheid-tot-besigheidsafdeling se redakteur van die jaar. Die eer het haar ook verlede jaar toegeval.

Hartelike gelukwense van Landbouskrywers SA!